



21 Oktober 2017

NUUSBRIEF 11

Dagsê almal!

In hierdie skrywe:

- 1. Ons nuwe logo!**
 - 2. Staan 'n kans om die NCD-assessering gratis in jou gemeente te laat doen.**
 - 3. Ons beding afslag op teologiese boeke by CUM.**
1. Hartlik geluk aan **Amanda van der Walt** wat aangewys is as die wenner van ons **logo-kompetisie!**:



Die kleur groen simboliseer groei. Die x wat in 'n kruis verander is, simboliseer dat die Evangelie van Jesus Christus sentraal staan. Die boonste oranje deel van die kruis laat jou beseft dat jy 'n hart vir kerkgroei moet hê en dui ook op die vennootskap tussen Expando en die kerke. Die moderne font herinner jou daaraan dat die Evangelie altyd nuut en vars is.

Dankie, Amanda! Ek glo dat ons die logo met groot vrug sal gebruik.

2. NCD-assessering. In **Expando Nuusbrieff 2** het ons die meetinstrument bekendgestel wat baie vir julle kan beteken in jul poging om kerkgroei te stimuleer.

NCD (Natural Church Development) is 'n organisasie wat wêreldwyd navorsing gedoen het onder +- 60 000 kerke en kritiese faktore vir kerkgroei geïdentifiseer het. Hulle het 'n vraelys opgestel wat jou help om die faktore in jou gemeente te meet. Die vraelys word deur 30 aktiewe lidmate in die gemeente ingevul en NCD stel dan 'n profiel op wat jou help om die sterk en swak punte te meet. Sodoende kan jy vasstel watter faktore kerkgroei kniehalter en watter kerkgroei bevorder in die gemeente. Die meetinstrument van NCD word ook aanbeveel in die rapport van die Kerkgroei Deputate wat tydens die Algemene Sinode van 2015 gedien het.

Die koste van die opstel van die profiel beloop R 2 300, maar **Expando** kon 'n spesiale **prys van R 2000 beding** vir gemeentes van die GKSA. Al wat jy hoef te doen is om 'n e-pos aan my en Jaco Schutte (0832716336) van NCD te stuur by churchwisesa@gmail.com en hulle stuur al die nodige inligting aan. Meld dat u deel is van die **Expando** projek om te kwalifiseer vir die spesiale prys van R 2000.

MAAR nou is daar geleentheid vir 4 gemeentes om die assessering gratis te laat doen, aangesien Expando as borg sal optree! Om hiervoor te kwalifiseer moet **die kerkraad voor 30 November 2017** 'n motivering skryf waarom juis hulle gemeente 'n geleentheid moet kry om die assessering gratis te laat doen. Expando sal die volgende kategorieë in ag neem: Stadsgemeentes, plattelandse gemeentes, Afrikaanssprekende gemeentes en andertalige gemeentes. Die 4 gemeentes met die beste motiverings sal aangewys word vir die gratis geleentheid.

As jy dalk al reeds besig is met die NCD en eksterne raad en begeleiding benodig kan Expando daarmee ook help.

3. Teologiese boeke: CUM het 'n **spesiale reeks meer akademiese werke** wat nie sommer in die winkels of op ander rakke beskikbaar is nie. Expando het die geleentheid om hierdie boeke aan ons predikante en kerke bekend te stel sodat ons toegang kan kry tot hierdie werke. Indien ons goeie belangstelling en navrae kry, kan ons moontlik ook beter pryse beding. 'n Ideale diens aan ons kerke!

Die plan: Die onderstaande skakel neem mens na 'n aanlyn-katalogus van die boeke:

https://drive.google.com/open?id=0B7ahCPQM_spfSDhzRTJMR19XN0k

Laat weet vir Expando in watter boeke jy belangstel. Ons kan dan na hierdie opname met CUM skakel om pryse te beding. Daar is dus nie reeds pryse in die katalogus nie. Die belangstellings-opname is dus nie bestellings nie. Ons sal na die opname beter pryse aan jou kan deurgee. Laat weet my asseblief **voor 25 November** in watter boeke jy belangstel!

Expando-groete,

Malan.

Dr. Malan van Rhyn

expando

Tel: +27 (0)12 546 5177

Sel: +27 (0) 82 858 0538

mvanrhyn@telkomsa.net

“Mag dié God julle toerus met alles wat goed is, sodat julle sy wil kan doen. Mag Hy deur Jesus Christus in ons tot stand bring wat vir Hom aanneemlik is. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in alle ewigheid!” – Heb.13:21

“May God equip you with all you need for doing his will. May He produce in you, through the power of Jesus Christ, every good thing that is pleasing to Him. All glory to Him forever and ever!” – Heb. 13:21